# PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skadevergoeding waarvoor die Versekerde of 'n Medeversekerde regtens aanspreeklik sal word om te betaal in hulle privaat hoedanigheid wat ontstaan weens Besering of Skade wat enige plek in die wêreld gedurende die versekeringstydperk plaasvind.

## OMSKRYWINGS

**Medeversekerde** sal beteken die gade van die Versekerde en enige ander familielid van die Versekerde of familielid van die gade van die Versekerde, met dien verstande dat:

1. die voormelde familielede normaalweg by die Versekerde inwoon;
2. sodanige Medeversekerdes nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering nie;
3. elkeen van sodanige Medeversekerde sal, asof hy/sy die Versekerde is, die bepalings, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover hulle van toepassing kan wees nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees.

**Koste en uitgawes** sal beteken koste, uitgawes en regskoste verhaarlbaar van die Versekerde of 'n Medeversekerde deur 'n eiser of enige aantal eisers of aangegaan deur die Maatskappy of aangegaan deur die Versekerde met die Maatskappy se vooraf toestemming:

1. in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie afdeling van die polis of enige aksie of vervolging wat teen die Versekerde of 'n Medeversekerde aanhangig gemaak word met betrekking tot Besering of Skade of ander aanspreeklikheid soos verseker in terme van hierdie Afdeling van die polis.
2. in die verteenwoordiging by enige geregtelike nadoodse- of ongeluksondersoek met betrekking tot Besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling van die polis mag uitmaak en/of in verdediging van enige verrigtinge in 'n Hof met toepaslike jurisdiksie met betrekking tot aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling van die polis mag uitmaak.

**Skade** sal beteken toevallige verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom.

**Huishoudelike werkers** sal beteken 'n persoon wat in diens is ingevolge 'n dienskontrak met die Versekerde of Medeversekerde om in die privaat huishouding van die Versekerde of Medeversekerde te werk.

**Besering** sal beteken toevallige dood, liggaamlike besering of siekte (geestelik of fisies) of kwaal van enige persoon buiten Besering aan:

1. die Versekerde, enige Medeversekerde of ander familielid van die Versekerde, of
2. enige persoon in diens by die Versekerde of Medeversekerde indien sodanige dood, liggaamlike besering of siekte (geestelik of fisies) of kwaal voortspruit uit en/of gedurende die diens van sodanige persoon by die Versekerde of Medeversekerde(s).

**Versekerde** vir die doeleindes van hierdie afdeling sal beteken en beperk wees tot daardie individue wat in die bylae van hierdie afdeling as gedek vermeld word onder die opskrif "Naam van individu(e) gedek ingevolge hierdie afdeling".

Vir interne makelaarsgebruik doeelik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# SKADELOOSSTELLINGSPERK

Die bedrag betaalbaar met inbegrip van Koste en Uitgawes, vir:

1. enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die Skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae teenoor “Skadeloosstellingsperk (per gebeurtenis)”;;
2. alle eise gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop hoogstens die Skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae teenoor “Skadeloosstellingsperk (per versekeringstydperk)”..

Indien die premie maandeliks deur middel van debietorder betaal word, word die woorde “per versekeringstydperk” verander om te lees “vir enige enkele tydperk van 12 agtereenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum”.

In die geval van enige enkele oorspronklike oorsaak wat aanleiding gee tot ‘n eis of reeks eise wat die onderwerp uitmaak van skadeloosstelling deur meer as een uitbreiding van hierdie Afdeling, sal elke uitbreiding apart van toepassing wees en onderworpe wees aan sy eie aparte Skadeloosstellingsperk, altyd met dien verstande dat die totale bedrag van die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk sal wees tot die hoogste Skadeloosstellingsperk beskikbaar onder enige een van die Uitbreidings wat skadeloosstelling verleen vir die eis of reeks eise.

Indien meer as een Versekeringstydperk van hierdie Polis, wat volg op die hernuwing of vervanging daarvan van toepassing mag wees op ‘n oorspronklike oorsaak of bron, sal die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk wees tot die maksimum Skadeloosstellingsperk vir enige enkele sodanige Versekeringstydperk. Indien die premie maandeliks deur middel van debietorder betaalbaar is, word die woorde “vir enige enkele sodanige Versekeringstydperk” verander om te lees “vir enige enkele tydperk van 12 agtereenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum”.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy sal nie die Versekerde skadeloos stel nie met betrekking tot:

1. aanspreeklikheid deur die Versekerde of Medeversekerde(s) kragtens ooreenkoms aanvaar, tensy die Versekerde of Medeversekerdes aanspreeklik sou gewees het nieteenstaande sodanige ooreenkoms;
2. enige aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van of wat ontstaan uit of eie is aan of wat toe te skryf is aan die nastrewing of uitoefening van enige besigheid, handel, beroep of professie;
3. enige aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van of wat ontstaan uit of eie is aan of wat toe te skryf is aan:
   - 3.1 die eienaarskap:
     - 3.1.1 van enige grond, geboue of strukture;
     - 3.1.2 of besit, gebruik of hantering van voertuie van enige soort (met insluiting van onder meer sleepwaens en sleepwoonwaens, maar met uitsluiting van trapfietse wat nie meganies of elektries aangedrewe/ondersteun is nie), vaartuie of watervaartuie of lugvaartuie van enige soort en ander lugtoestelle van enige soort;
     - 3.1.3 of besit, gebruik of hantering van enige vuurwapens of windbukse of enige diere (behalwe mak diere wat gewoonlik by ‘n huishoudelike woning aangetref word);
   - 3.2 eiendom wat behoort aan of wat verpag, verhuur, gehuur of geleen is aan of wat in trust gehou word deur of wat onder die toesig of beheer is van of wat in die bewaring is van die Versekerde of enige Medeversekerde of enige persoon in die Versekerde of Medeversekerde(s) se diens;
4. enige aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van of wat ontstaan uit of eie is aan of wat toe te skryf is aan trilling of die verwydering of verswakking van of steuring aan stut van grond, geboue of enige ander eiendom;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik – van tyd tot tyd onderhewig aan veranderinge

5. enige boetes of strafvoltrekkings of straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

6. 6.1 aanspreeklikheid met betrekking tot Besering, Skade of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur besoedeling, altyd met dien verstande dat hierdie uitsluiting nie van toepassing is nie waar sodanige besoedeling veroorsaak is deur ‘n skielike, onbedoelde en onvoorsiene gebeurtenis;

   6.2 enige koste om stowwe wat uit besoedeling voortspruit, te verwyder, te neutraliseer of skoon te maak, tensy die besoedeling veroorsaak is deur ‘n skielike, onbedoelde en onvoorsiene gebeurtenis.

   Hierdie uitsluiting sal nie hierdie polis uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie uitsluiting nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie;

7. enige aanspreeklikheid vir Besering wat toe te skryf is aan ‘n geleidelikwerkende oorsaak wat nie uit ‘n skielike en identifiseerbare ongeval of voorval voortspruit nie.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Bykomende Versekerde

Die Maatskappy stel ook skadeloos, asof ’n afsonderlike polis aan elk uitgereik is, enige persoonlike regsverteenwoordiger(s) van die Versekerde of Medeversekerde (in die geval van die dood van die Versekerde en/of enige Medeversekerde) ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die Versekerde of enige Medeversekerde opgeloop is, met dien verstande dat:

1. die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy sal nie meer wees nie as die Skadeloosstellingsperke wat in die Bylae vermeld word;
2. enige persoon waarop hierdie uitbreiding van toepassing is, is nie geregtig op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;
3. sodanige verteenwoordiger(s) waarop die skadeloossteling hieronder van toepassing is, sal die bepalings, uitsluitings en voorwaardes (beide algemeen en spesifiek) van hierdie versekering vir sover hulle van toepassing kan wees nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees.

## Regsaanspreeklikheid teenoor huishoudelike werknemers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir regsaanspreeklikheid as gevolg van Besering aan die Versekerde se huishoudelike werknemers wat ontstaan het uit en in die loop van hulle diens.

## Eiendomsaanspreeklikheid

Spesifieke uitsluiting 3.1.1 sal nie van toepassing wees nie op aanspreeklikheid vir Besering of Skade wat die Versekerde of Medeversekerde mag oploop wat voortspruit uit die eienaarskap (en nie as huurder nie) van eiendom wat verseker is onder die afdeling: Huiseienaars van hierdie polis op voorwaarde dat sodanige versekering van krag is ten tye van die Skade of Besering.

## Sekuriteitsmaatskappye

Spesifieke uitsluiting 1 sal nie van toepassing wees nie op enige aanspreeklikheid wat aanvaar is ingevolge ‘n skriftelike kontrak wat aangegaan is met enige entiteit wat sekuriteitsdienste of gewapende reaksiedienste lewer, ten opsigte van eiendom verseker onder die afdelings: Huisbewoners of Huiseienaars van hierdie polis op voorwaarde dat sodanige versekering van krag is ten tye van die Skade of Besering.

## Huurdersaanspreeklikheid

Spesifieke uitsluitings 3.1.1 en 3.2 van hierdie afdeling sal nie van toepassing wees nie op persele geokkupeer deur die Versekerde of Medeversekerde in hulle privaat hoedanigheid as huurder (en nie as eienaar nie) daarvan.

## Onregmatige inhegtenisname (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde en/of enige Medeversekerde skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die Versekerde en/of die Medeversekerde aanspreeklik word om as vergoeding te betaal weens die onregmatige inhegtenisname of visentering van ‘n persoon, met inbegrip van aanranding wat veroorsaak word deur sodanige onregmatige inhegtenisname of visentering, wat plaasvind gedurende die versekeringstydperk.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge